



Provinsie van die
OOS-KAAP
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwyskompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUMBESTUUR

**GRAAD 12 LEERDER
ONDERSTEUNINGSPROGRAM**

**HERSIENING AND REMEDIËRENDE ONDERRIG
INSTRUMENT:
VRAE EN ANTWOORDE**

VAK: AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL – EERSTE VRAESTEL

Junie 2009

Hierdie dokument bestaan uit 17 bladsye.

Streng gesproke nie vir toets-/eksamendoeleindes nie.

INSTRUKSIES/OPDRAGTE EN INLIGTINGSBLADSY

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

AFDELING A: Leesbegrip (30 punte)

AFDELING B: Opsomming (10 punte)

AFDELING C: Taal (60 punte)

AFDELING D: Letterkunde (20 punte)

2. Lees ALLE instruksies versigtig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling oop 'n nuwe bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

6. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genummer is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: BRIEF**

Lees die onderstaande brief en beantwoord die vrae.

VRA DR. ADRI

As jy 'n persoonlike probleem het, skryf gerus aan Dr. Adri, Posbus 1802, Kaapstad, 8000 of dradr@huisgenoot.com

Adri

MY SEUN STOMPIE

Ek is die trotse ouer van 'n tienerjarige seun. Vandat hy in die hoërskool is, het hy begin rook. Nie ek of sy pa het nog ooit gerook nie. Toe ons dit uitvind, het ons mooi verduidelik waarom dit so 'n slegte gewoonte is.

Ek was onder die indruk dat alles verby is, maar het soms rede gehad om te dink dat hy steeds rook. Hy het egter altyd 'n antwoord gereed oor waarom hy na rook ruik. Ek sou nog kon saamleef met die feit dat hy kies om te rook, maar hy is nog baie jonk. Wat my ontstel, is sy antwoord dat rook die beste manier is om te ontspan.

Ek het sielkundige hulp voorgestel, maar hy het net gesê niemand gaan hom vertel wat om te doen nie. As hy nou al sigarette rook, wat is die volgende? Dagga of Mandrax of dalk tik? Help my!!!

BEKOMMERDE MA

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 10 April 2008]

Beantwoord die onderstaande vrae:

- 1.1 Vir watter soort probleme gee dr. Adri raad? Haal slegs EEN woord aan. (1)
- 1.2 Kies die korrekte antwoord: Hierdie ma het vir dr. Adri geskryf, want sy is (bekommerd, trots, opgewonde) oor haar seun. (1)
- 1.3 Van wanneer af het die seun begin rook? (1)
- 1.4 1.4.1 Sê of die volgende WAAR of ONWAAR is:
Die seun se ouers rook albei. (1)
- 1.4.2 Motiveer jou antwoord met 'n sin uit die brief. (1)
- 1.5 Noem EEN manier hoe die seun se ouers hom wou help. (1)
- 1.6 1.6.1 Waarom sê die seun, rook hy? (1)
- 1.6.2 Dink jy dat dit 'n goeie rede is? (1)
- 1.6.3 Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.7 Voltooi: Die ma is bang dat die seun miskien later ... kan begin gebruik. (1)

[10]

VRAAG 2: ADVERTENSIE

Kyk na die advertensie om die vrae te beantwoord.

WEN 'n BOSVELD-ERVARING

SLAAN 'n WEGBREEKKANS LOS BY DIE PROTEA HOTEL KRUGER GATE

Voel die hipnotiese ritme van Afrika deur jou are pols met die wegbreekkans van jou drome in die hartjie van Mpumalanga se bosveld. 'n Gesin van vier kan vyf lekker dae by die Protea Hotel Kruger Gate deurbring. Dit is 'n eersteklashotel skaars 100 meter van die Krugerwildtuin af. Jy en jou gesin kan in oop voertuie op safari gaan of staproetes volg.

Vandeesweek se Bosveldbonanza bied vier nagte aan vier mense: twee volwassenes en twee kinders onder sestien. Ontbyt, aandete en een gratis staptog is by die prys ingesluit. Die wenner is self verantwoordelik vir vervoer na en van die hotel.

Gaan na www.proteahotels.com/krugergate, stuur 'n e-pos aan sales@phkrugergate.co.za of bel 013-735-56712 vir nog inligting.

[Verwerk uit: *Huisgenoot* 10 April, 2008]

- 2.1 In watter provinsie is die Protea Hotel Kruger Gate? (1)
- 2.2 Waarom is "**WEN 'n BOSVELD-ERVARING**" in groot en donker letters gedruk? (1)
- 2.3 2.3.1 Is alle vervoerkostes by die prys ingesluit? Sê slegs JA/NEE. (1)
- 2.3.2 Motiveer jou antwoord by VRAAG 2.3.1. (1)
- 2.4 Kies die frase uit **KOLOM B** wat die beste pas by die woorde in **KOLOM A**.

| KOLOM A | KOLOM B |
|--------------------------|-------------------------------------|
| 2.4.1 Ontbyt ... | A. is nie ver van die hotel af nie. |
| 2.4.2 Krugerwildtuin ... | B. bied vier nagte verblyf aan. |
| | C. is verniet. |

- 2.5 Hoe sal jy voel as jy die wenner is? (1)

[7]

VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die artikel goed deur en beantwoord dan die vrae.

AMANDA STRYDOM

Na 'n stilte van vyf jaar het Amanda Strydom pas weer 'n CD uitgereik. En nee, die titel *Kerse teen die Donker* sinspeel nie op EVKOM se ellendige beurtkrag nie, lag die kabaretsanger en aktrise.

Amanda vermaak plaaslike gehore al byna twintig jaar lank en het die afgelope twee jaar ook in Nederlanders se harte gekruip. Haar liedjie, *My kamer*, trek op die oomblik juis baie aandag in Nederland.

Met liedjies soos *Foto 1974*, *My Nostalgie* en die pragtige *Sara Stoepsit* is nostalgie een van die sterk temas op haar nuwe album. Die musiek is teerder en ligter as van haar vorige werk, wat 'n groter rock-gevoel gehad het. Sy het die meeste van die sestien liedjies self geskryf, maar sy sing ook twee van Janis Joplin se liedjies: Bobby McGee en 'n lekker Zoeloe-weergawe van Summertime.

Die laaste liedjie, *Pelgrimsgebed*, is vir haar baie spesiaal en het uit haar gees gekom. Sy het die CD verlede jaar by die KKNK bekendgestel. Sy tree elke jaar daar op. In November gaan sy met *Kerse teen die Donker* Nederland toe.

[Verkort en verwerk uit: *Huisgenoot*, 10 April 2008]

- 3.1 Amanda het 'n nuwe CD gemaak. Wat is die naam van hierdie CD? (1)
- 3.2 Vir hoeveel jaar het Amanda nie 'n CD uitgereik nie? (1)
- 3.3 Hoe lank sing Amanda Strydom al? (1)
- 3.4 In watter Afrika-taal word een van haar liedjies gesing? (1)
- 3.5 Kies die korrekte antwoord.
" ...in Nederlanders se harte gekruip." (paragraaf 2) beteken ...
- A die Nederlanders se harte is klein.
B die Nederlanders hou van haar.
C die Nederlanders is kort mense. (1)
- 3.6 3.6.1 Skryf Amanda al haar liedjies self? Sê net JA of NEE. (1)
- 3.6.2 Motiveer jou antwoord by VRAAG 3.6.1. (1)
- 3.7 Kies die beskrywing in **KOLOM B** wat by die liedjie in **KOLOM A** pas.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---------------------|----------------------|
| 3.7.1 Pelgrimsgebed | A. Nostalgies |
| 3.7.2 Foto 1974 | B. Dis baie spesiaal |
| | C. Rock |

(2)

- 3.8 Watter woord in paragraaf 2 sê dat Amanda veral vir ons eie mense sing? (1)
- 3.9 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Lirieke is die ... van 'n liedjie.
- A tempo
 - B woorde
 - C note
- (1)
- 3.10 Na watter land toe gaan Amanda in November? (1)
- 3.11 Waar tree sy elke jaar op? (1)

[13]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 4

INSTRUKSIES:

- Lees die volgende teks baie goed deur.
- Som dan die **SEWE REDES WAAROM MENSE ROOK**, in **7 sinne op**.
- Skryf die sinne onder mekaar neer en **nommer dit van 1 tot 7**.
- Jy moenie meer as **60 woorde** gebruik nie. Jy sal geenaliseer word as jy dit wel doen.
- Skryf die getal woorde onder aan die opsomming.

WAAROM ROOK MENSE?

Die meeste mense het gehoor dat rook ongesond is. Tog hou hulle om verskillende redes aan om te rook. Sommige mense dink dat jy goed lyk as jy rook. Dit is nie waar nie. Rook beskadig jou voorkoms. Daar is nou minder volwassenes wat rook en die meeste wil so gou as moontlik ophou rook.

Jongmense dink ook dat hulle meer volwasse sal lyk as hulle rook. Hulle dink dat hulle deel van 'n groep gaan word as hulle rook. Daar is egter baie jongmense wat glad nie rook nie. Dit is omdat hulle weet dat rook hulle prestasies negatief beïnvloed. Daar is sommige vroue wat meen dat hulle meer onafhanklik sal wees as hulle rook. Hulle raak egter verslaaf aan tabak.

Party mense dink weer dat jy 'n beter maat sal wees as jy rook. Jy sal ook meer romanties wees as jy 'n sigaret in jou mond het. Die waarheid is egter dat rook jou seksuele drange kan verlaag.

Sommige mense rook omdat hulle voel dat rook hulle laat ontspan. Hulle glo ook dat dit jou van jou probleme laat vergeet, maar rook veroorsaak nuwe probleme. Jy mors dus onnodig jou geld op sigarette.

[Verwerk en vertaal uit: *Focus on English*, Gr.8, Maskew Miller, 2006, bl. 125]

AFDELING C: TAAL

VRAAG 5: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent en beantwoord die vrae.



Volg die instruksies in die regterkantse kolom. Skryf net die vraagnommer (5.1 – 5.20) en die korrekte antwoord neer.

| | | | |
|--|------|---|---|
| Häger en sy vriend (5.1 gesels) met mekaar. | 5.1 | Gee 'n sinoniem. | 1 |
| Toe sy vriend hom 'n vraag vra, het hy (5.2 onmiddellik/ onmiddellik) geantwoord. | 5.2 | Kies die woord wat korrek gespel is. | 1 |
| Die teller moet tel hoeveel biere Hägar drink. Sy vrou het (5.3 hy/hom) gevra om dit te doen, want Hägar is 'n groot (5.4 drink) | 5.3 | Kies die korrekte voornaamwoord | 1 |
| | 5.4 | Skryf die persoonsnaam neer.. | 1 |
| Die uitdrukking "Ditsem!" beteken (5.5 hy is kwaad/ dit is so). | 5.5 | Kies die korrekte betekenis. | 1 |
| | 5.6 | Kies die korrekte voornaamwoord. | 1 |
| Dit lyk nie asof Hägar bang is vir (5.6 sy/hom) vrou nie, want hy hou aan om (5.7 van/ uit) die groot (5.8 beeker) te drink. | 5.7 | Kies die korrekte voorsetsel. | 1 |
| | 5.8 | Gee die korrekte spelling | 1 |
| | 5.9 | Skryf die korrekte vorm van die woord neer. | 1 |
| Hy drink die (5.9 baie) van al sy vriende, omdat hy (5.10 groot) as hulle is. | 5.10 | Gee die vergrotende trap. | 1 |
| | 5.11 | Kies die korrekte woord. | 1 |
| Häger is al baie (5.11 lank/lang) getroud; ongeveer (5.12 24) jaar. | 5.12 | Skryf die getal 24 in woorde. | 1 |
| | 5.13 | Gee die meervoud. | 1 |

| | | | |
|---|------|--------------------------------------|---|
| Sy vriend het 'n klein (5.14 hoed) op sy kop. | 5.14 | Gee die verkleinwoord. | 1 |
| Die teller sê niks nie. Hy is (5.15 stil). | 5.15 | Skryf die intensiewe vorm neer. | 1 |
| Hy kyk met groot (5.16 oog) na Hägar. | 5.16 | Gee die meervoud | 1 |
| Dit is glad nie 'n (5.17 goed) ding wat Hägar se vrou doen om hom te laat dophou nie. | 5.17 | Gee die korrekte vorm van die woord. | 1 |
| Dit lyk of sy haar man nie (5.18 getrou/ vertrou) nie. | 5.18 | Kies die korrekte woord. | 1 |
| Hägar is gelukkig om so 'n vrou te (5.19 het/hê). | 5.19 | Kies die korrekte woord | 1 |
| Omdat hulle so lief vir mekaar is, sal hulle seker nooit van (5.20 makkaar/ mekaar) skei nie. | 5.20 | Kies die korrekte spelling. | 1 |

(20)

Skryf die volgende sinne oor. Volg die instruksies in die regterkantste kolom. Skryf net die vraagnommer (5.21 – 5.28) en die korrekte antwoord neer.

| | | | |
|---|------|---------------------------------------|--------|
| Hägar (5.21 elke aand/ in die kroeg/sit) saam met sy vriend. | 5.21 | Gee die korrekte woordorde. | 1 |
| Hy is altyd besig om (5.22 bier drink). | 5.22 | Voltooi die sin in die infinitief. | 1 |
| Die man tel die biere wat Hägar drink. (5.23 omdat). Hägar se vrou het hom gevra. | 5.23 | Verbind die twee sinne soos aangedui. | 2 |
| Hägar het (5.24 al baie gedrink). | 5.24 | Skryf in die ontkenende vorm. | 2 |
| (5.25) Die teller tel die aantal biere. | 5.25 | Skryf die sin in die lydende vorm. | 2 2 |
| Hägar sê dat (5.26 "My vrou hou my dop"). | 5.26 | Skryf in die indirekte rede. | |
| (5.27) Die teller skryf die aantal biere neer. | 5.27 | Skryf die sin in die verlede tyd. | 2 |
| (5.28) Sy vrou dink altyd aan sy gesondheid. | 5.28 | Skryf die sin in die toekomstige tyd. | 1 |

(13)

[33]

VRAAG 6: REDIGERING

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.



[Uit: Gr.12 Eksamenbank, Afr. 2de Add. Taal]

Volg die instruksies in die regterkantste kolom en skryf die sin korrek oor. Skryf die vraagnommer (6.1 – 6.13) en die korrekte antwoord neer.

| | | | |
|--|------|--------------------------------------|---|
| 6.1 Dit is die story van 'n seun. | 6.1 | Skryf die sin in korrekte Afrikaans. | 1 |
| 6.2 Sy naam is Harold pieterse. | 6.2 | Verbeter die spelfout. | 1 |
| 6.3 He lives in Switzerland. | 6.3 | Vertaal in Afrikaans. | 1 |
| 6.4 Harold lyk baie van sport. | 6.4 | Skryf die sin korrek oor. | 1 |
| 6.5 Hy het gelede week gaan ski. | 6.5 | Korrigeer die taalfout.(woord) | 1 |
| 6.6 Hy het toe gebreek sy been. | 6.6 | Verbeter die taalfout.(woordorde) | 1 |
| 6.7 Harold kan nie meer gaan ski. | 6.7 | Korrigeer die taalfout. | 1 |
| 6.8 Daar is blome in die blompot. | 6.8 | Verbeter die spelfout. | 1 |
| 6.9 Hy wou nie luister nie daarom het hy seergekry. | 6.9 | Vul die ontbrekende komma in. | 1 |
| 6.10 Hy moet nou die hele dag in die sitkamer gesit. | 6.10 | Skryf die sin reg oor. | 1 |
| 6.11 Die hond hy dra die pantoffel aan. | 6.11 | Skryf die sin reg oor. | 1 |
| 6.12 Sy voet moet nou op 'n kussingkie rus. | 6.12 | Verbeter die spelfout. | 1 |
| 6.13 Die ski's met wat hy gaan ski het, staan teen die muur. | 6.13 | Verbeter die taalfout. | 1 |

VRAAG 7: KRITIESE TAALBEWUSTHEID

7.1

Elke donker wolk het regtig
'n silwer randjie

Hierdie idiom beteken:

- A in elke slegte/negatiewe situasie is daar ook iets goeds.
- B donker wolke het 'n silwer kleur.
- C die wolke skyn silwer.

(1)

7.2 Kyk na die spotprent oor Stoffel.



Watter gevoel druk Armando met sy antwoord uit?

- A bewondering
- B sarkasme
- C hartseer

(1)

7.3 Die idiom: **Dis bo sy vuurmaakplek**, beteken:

- A Die vuurmaakplek is hoog.
- B Dis te moeilik om te doen.
- C Hy het dit bo die vuurmaakplek gebêre.

(1)

[3]

VRAAG 8: INTERPRETASIE VAN KREATIEWE TEKSTE

8.1 Kyk na die spotprent en beantwoord die vraag.



8.1.1 Wat impliseer die leeu as hy sê: "Is jy gesuipt"?

- A Die renoster is baie dronk.
- B Die renoster sal nooit die president van Amerika word nie.
- C Hy is nie 'n goeie mens nie, want hy drink. (1)

8.1.2 Kies die korrekte antwoord. "Oormôre" beteken die dag (voor/na) môre. (1)

8.2 Bestudeer die onderstaande advertensie.

**HOËRSKOOL TEMPLETON
BEDFORD**

**Twee tydelike
Departementele poste**

**Afrikaans Huistaal +
Eerste Addisionele Taal**

Graad 10 - 12

Meld ander vakke

8.2.1 Die + teken beteken _____. (1)

8.2.2 Die twee poste is nie permanent nie. Dis net _____ poste. (1)

8.2.3 Die _____ in Graad 10 – 12 beteken _____. (1)

8.2.4 Templeton is 'n (primêre/ sekondêre) skool. Kies die korrekte antwoord. (1)

8.3 Kyk na die opskrif wat in die koerant verskyn het.

Akkommodasie vir 2010 problematies

Die advertensie sê vir ons dat akkommodasie vir 2010 'n _____ is. (1)

8.4 Kyk na die onderstaande opskrif:

SA swem goues los

Dit beteken dat SA _____ medaljes gewen het. (1)

8.5 Die volgende opskrif het in Rapport verskyn:

**Baba sterf in kar wyl
ouers inkopies doen**

Uit hierdie opskrif kan 'n mens aflei dat die ouers ... opgetree het.

- A liefdevol
 - B onverantwoordelik
 - C streng
- (1)

8.6 Kyk na die spotprent oor Stoffel en voltooi die sin.



8.6.1 Stoffel is besig om "Ou ryperd, ons ry die pad tesame ..." te _____. (1)

8.6.2 Waaruit kon ons dit aflei? (1)

[11]

TOTAAL AFDELING C: 60

AFDELING D: LETTERKUNDE

KINDERS VAN DIE AARDE: CHARLES FRYER – SAMESTELLER

Kies **EEN** van die volgende vrae. Jy moet **VRAAG 9** of **VRAAG 10** beantwoord.

VRAAG 9

DIE RAMP: T.T. CLOETE

9.1 Voltooi die paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul. Kies uit die volgende lysie:

koors, weer, oorverhit, rampe, weldoener

Die rit was baie moeilik, want die 9.1.1 ... was nie lekker nie. Die man het baie 9.1.2 ... op sy pad gehad. By Humansdorp het die kleintjie 'n 9.1.3 ... ontwikkel. By Jeffreysbaai het die motor 9.1.4 ... Gelukkig het 'n 9.1.5 ... hom gehelp.

(5)

9.2 Lees deur die uittreksel en beantwoord dan die vrae.

Ons was in Houtbaai met vakansie. Daar het my vrou baie siek geword. Al geneesheer in die omgewing was 'n afgetrede dokter wat net goed genoeg was om haar hand vas te hou, soos my vrou gesê het. Toe sy erger word, het ek teen hoë koste 'n geneesheer uit _____ laat kom.

Die rit per motor na ons huis in Port Elizabeth sou te vermoeiend wees.

9.2.1 Wat het die vrou makeer? Kies uit die volgende moontlikhede:

A Sy het 'n hoë koors gehad.

B Sy het 'n bloeiende maagseer gehad.

C Sy het 'n hartaanval gehad.

(1)

9.2.2 Waarmee moes die vrou toe huis toe gaan?

(1)

9.2.3 Dink jy die afgetrede dokter was 'n goeie dokter? Sê JA of NEE.

(1)

9.2.4 Motiveer jou antwoord in VRAAG 9.2.3.

(1)

9.2.5 Die man het 'n dokter uit 'n ander plek laat kom. Gee die naam van die plek.

(1)

9.3

Die rit was moeilik.

Gee TWEE redes waarom die rit moeilik was.

(2)

9.4 Kies die korrekte antwoord: "teen 'n hoë koste" beteken hy moes (baie geld betaal; baie kos koop; baie vinnig ry). (1)

9.5

Dis 'n klein, geel Mini-stasiewaentjie wat stilhou. Die bestuurder klim uit, hoor my aan, sê min, asof hy die vrede nie heeltemal vertrou nie, luister afgetrokke na my, lig met sy flits in die motor en sien die ander kinders.

Wat het die bestuurder van die stasiewaentjie vir die siek kind gegee? (1)

9.6 9.6.1 Sê **WAAR** of **ONWAAR**: Die insleepwa was die eerste motor wat gestop het om te help. (1)

9.6.2 Motiveer jou antwoord. (1)

9.7

Uiteindelik is my motor aan die insleepmotor gehaak. Die dag wil al amper breek. Ek wil my weldoener vergoed. Hy weier om iets van my te neem.

9.7.1 Skryf 'n voorbeeld van personifikasie uit die uittreksel neer. (1)

9.7.2 Hoe vergoed 'n mens gewoonlik 'n ander mens? (1)

9.8 Verduidelik kortliks hoe jy dit titel van hierdie kortverhaal verstaan. (2)

[20]

OF

VRAAG 10

'n MAN KOM TUIS: CHRIS BARNARD

- 10.1 Voltooi die paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul. Kies uit die volgende lysie.

geselskap, positiewe, reën, naweek, Sondag

Toe die verteller op pad was, het dit begin 10.1.1 ... Hy laai die ryloper op, want hy soek 10.1.2 ... Die ryloper bly net vir 'n 10.1.3 ... in die maand by sy familie. Dit pla hom glad nie, want hy sien altyd die 10.1.4 ... in die lewe.

(4)

- 10.2 Kies die frase in **KOLOM B** om die sin in **KOLOM A** te voltooi.

| KOLOM A | KOLOM B |
|--|-------------------------------------|
| 10.2.1 Nomadies beteken ... | A. jy is godsdienstig. |
| 10.2.2 Skurweberg is die ... | B. plek waarheen hulle dui pad bou. |
| 10.2.3 As jy die Bybel lees, beteken dit ... | C. om baie rond te trek. |

(3)

- 10.3

Heelpad gesels my passasier land en sand oor dit en oor dat. Hy gesels die reën skoon weg.
Hy vertel my van sy lewe as padmaker. Dis harde werk, ja:

- 10.3.1 Wie is die passasier? (1)
- 10.3.2 Kies die korrekte antwoord. "land en sand" beteken: (praat oor land en sand; praat aaneen; praat net oor bouwerk). (1)
- 10.3.3 Gee TWEE redes waarom die werk van 'n padmaker harde werk is. (2)

- 10.4

Die nomadiese kamplewe bodder hom ook nie. "Ag, dis partykeer ongerieflik," gee hy teensinnig toe, "maar daar is baie voordele.

- 10.4.1 Noem EEN voordeel van die nomadiese lewe van 'n padmaker? (1)

10.5

My passasier het begin stiller raak. Maar ek sien hy is opgewonde. Hy het kort-kort op sy horlosie gekyk en 'n paar keer oorgeleun na my kant toe om die snelheidsmeter onder oog te kry. "Die kar loop lekker vinnig," sê hy. "Ek gaan vroeg daar wees."
Ek wou weet hoeveel kinders hy het.

- 10.5.1 Hoe weet ons dat die passasier opgewonde was? (1)
- 10.5.2 "Ek gaan vroeg **daar** wees." Na watter plek verwys **daar**? (1)
- 10.6 Toe blaf die hond.
- 10.6.1 Waarom het die hond geblaf? (1)
- 10.7 Waarom het die verteller tot onder langs die spruit gery? (1)
- 10.8 10.8.1 Sê **WAAR** of **ONWAAR**.
Gouws se vrou was eerste by hom toe hy die straat afkom. (1)
- 10.8.2 Motiveer jou antwoord. (1)
- 10.9 Verduidelik kortliks hoe jy die titel van hierdie kortverhaal verstaan. (2)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20

GROOTTOTAAL: 120